

Omtrent hierdie verslag

Verken, brei uit en ontwikkel

As gevolg van die Covid-19-pandemie was 2020 'n jaar soos geen ander nie. In plaas van "besigheid soos gewoonlik" moes ons as die NWU aanpas by die nuwe omstandighede en verken, uitbrei en ontwikkel om op kort termyn die akademiese jaar te red, maar ook op koers te bly om ons strategie op die lang termyn te verwesenlik.

In hierdie geïntegreerde verslag vertel ons vir u, ons belanghebbers, hoe ons daardie balans bereik het deur ons hulpbronne, vaardighede en verhoudinge, bekend as ons "kapitaaltvorme", te mobiliseer.

Daar is ses kapitaaltvorme: intellektuele kapitaal, mensekapitaal, maatskaplike en verhoudingskapitaal, vervaardigde kapitaal, natuurlike kapitaal en finansiële kapitaal.

Alhoewel ons altyd waarde wil skep, kan ons kapitaaltvorme ook 'n netto afname ondergaan of geen netto verandering ondergaan nie. In sodanige gevalle word waarde geërodeer of behou.

Met dit in gedagte is ons daartoe verbind om verantwoordelik met ons kapitaaltvorme om te gaan, aangesien ons hulpbronne en verhoudinge per slot van rekening onontbeerlik is vir ons vermoë om volhoubare waarde te skep.

Hierdie storie is vir julle

Die storie van hoe ons **verken**, **uitbrei** en **ontwikkel** – in 2020 en verder – is bedoel vir julle, ons belanghebbers.

Ons belanghebbers is daardie individue of groepe wat deur ons aktiwiteite en dienste geraak word, en wie se handeling ook 'n impak kan hê op ons vermoë om ons strategie suksesvol te implementeer en ons doelstellings te verwesenlik.

Hierdie geïntegreerde verslag is hoofsaaklik gemik op ons primêre belanghebbers. Hulle is ons studente, alumni, die Raad, personeel, die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, ons eweknieë, ons samewerkingsvennote en ons besigheidsgemeenskappe (as toekomstige werkgewers van ons studente).

Ons glo egter dat ons storie ook van waarde sal wees vir al die ander belanghebbers van die NWU.

Hoe ons storie uitbrei

Terwyl die hele wêreld in die greep van die pandemie was, moes ons aanpassings maak aan ons siening van onderwys en hoe ons ons kernbesigheid bedryf. Ons storie in hierdie geïntegreerde verslag is in 'n groot mate gevorm deur die nuwe uitdaginge wat ons moes oorkom.

Om te begin, gee ons 'n oorsig van die NWU en verduidelik ons hoe ons met ons eksterne omgewing omgegaan het en spesifiek hoe ons die impak van die Covid-19-pandemie ervaar en daarop gereageer het. Hierdie verslag bevat ook 'n grafiese voorstelling van ons besighheidsmodel, wat handel oor die skep van waarde vir die NWU en ons belanghebbers.

Hoe om ons storie te navigeer

Ons gebruik verskillende ikone om aan te dui hoe die verskillende afdelings van die geïntegreerde verslag by mekaar aansluit.

Ons kapitaaltvorme



INTELLEKTUELE KAPITAAL

Dit behels ons prosesse, prosedures, beleide, strategieë en kennisgebaseerde ontasbare bates wat voortspruit uit ons onderrig-leer- en navorsings- en innovasieaktiwiteite.



MENSEKAPITAAL

Personeel en studente (interne belanghebbers)



MAATSKAPLIKE EN VERHOUDINGSKAPITAAL

Verhoudinge met eksterne belanghebbers



VERVAARDIGDE KAPITAAL

Vervaardigde kapitaal/vervaardigingskapitaal
Tasbare infrastruktuur en bates



NATUURLIKE KAPITAAL

Omgewings-/natuurlike hulpbronne



FINANSIËLE KAPITAAL

Fondse wat ons bekom en spandeer aan die hand van ons begroting

Ons strategiese doelwitte



Bevorder uitnemende onderrig en leer



Intensiveer navorsing en innovasie



Integreer en belyn gemeenskapsbetrokkenheid met kernaktiwiteite



Ontwikkel 'n duidelik gedifferensieerde studentwaardeproposisie



Ontwikkel en behou uitstekende personeel en skep 'n gelyke personeel- en studenteprofiel

Ons instaatstellers



Beheer, lei en bestuur op 'n volhoubare en getransformeerde wyse met 'n doeltreffende bedryfsmodel.



Ontwikkel inligtings- en kommunikasietegnologie wat die beste in sy klas is, om die kernbesigheid te ondersteun.



Kommunikeer en ontwikkel kernbesigheidvermoë om handelsmerkewiteit, leierskapsdoeltreffendheid en solidariteit met die gemeenskap te verbeter.



Verseker die finansiële volhoubaarheid van die NWU.

Weselikheid van die verslaginhoud

Ons gebruik die konsep van “weselikheid” om te bepaal watter inligting in hierdie verslag ingesluit behoort te word. Soos uiteengesit in die “International Integrated Reporting Council” (IIRC) se Geïntegreerde Verslagdoeningsraamwerk beskou ons weselike aangeleenthede as:

- Aangeleenthede wat 'n beduidende effek het op die universiteit se vermoë om op die kort, medium en lang termyn waarde te skep; en
- Aangeleenthede wat belangrik is vir enige belanghebbende wat 'n ingeligte assessering wil maak van die NWU se vermoë om waarde te genereer.

Hoe ons relevante aangeleenthede identifiseer

Ons as die geïntegreerde verslagdoeningstaakspan, onder leiding van die NWU se registrateur, die adjunk-visekanselier vir beplanning en die hoof strategiese beampte in die kantoor van die visekanselier, het die aangeleenthede geïdentifiseer met die

grootste potensiaal om 'n impak te hê op ons vermoë om waarde te skep.

In die proses het ons die volgende raamwerke in ag geneem:

- Die NWU se *Jaarlikse Prestasieplan (JPP) wat die strategiese plan in werking stel;
- Die strategiese aannames wat ons strategie ten grondslag lê;
- Die **risikoregister;
- Die IIRC se Geïntegreerde Verslagdoeningsraamwerk; en
- Die DHOO se verslagdoeningsregulasies.

Ons het ook gekyk na die faktore in ons eksterne omgewing wat ons vermoë om waarde te skep, weselik beïnvloed.

Daarbenewens is weselikheid ook bepaal deur die kwessies wat deur ons belanghebbende geopper is in hul interaksie met die universiteit. Dit word beskryf in die afdeling oor ons interaksie met ons belanghebbende in die tabel onder die subopskrif: Kwessies geopper.

* Die doelwitte, instaatstellers en strategiese aannames, soos vervat in die JPP, spruit voort uit die proses wat die lede van die Universiteitsbestuurskomitee gebruik om weselike aangeleenthede te identifiseer wat ingesluit moet word wanneer die JPP opgestel of hersien word.

** Ons belangrikste risiko's en geleenthede is die resultaat van 'n instansiewyse identifiserings- en prioriseringsproses.

Verslagdoeningstydperk, omvang van verslagdoening, en suite van verslae

Verslagdoeningstydperk

Ons geïntegreerde verslag weerspieël die prestasie van die drie NWU-kampusse vir die tydperk

1 Januarie tot 31 Desember 2020.

Benewens die finansiële inligting sluit die verslag ook nie-finansiële inligting in. Dit sluit feite in oor ons nie-finansiële prestasie, risiko's en geleenthede en die interne en eksterne faktore met 'n beduidende invloed op ons besigheid. Waar dit wesenlik is, bespreek ons die werklike en potensiële impak van hierdie aangeleenthede op ons vermoë om waarde te skep.

Verslagdoeningsiklus

Jaarliks in Desember

Kontakpunt vir navrae:

marlene.verhoef@nwu.ac.za

Suite van verslae

Ons geïntegreerde verslag is die primêre middel vir verslagdoening aan ons belanghebbers. Dit word aangevul deur die volgende:

- Finansiële jaarstate vir die jaar eindigende 31 Desember 2020, wat op die NWU se webwerf gevind kan word.
- Dokumente vir verskillende belanghebbers, wat ook op die NWU se webwerf beskikbaar is.

“Geen wesenlike aangeleenthede is weggelaat uit die verslag weens vertroulikheidsbeperkings, wetlike beperkings of beperkings wat betroubaarheid van inligting betref nie.”

Ons verslagdoeningsraamwerk

Hierdie geïntegreerde verslag is opgestel in ooreenstemming met die IIRC se Internasionale Geïntegreerde Verslagdoeningsraamwerk en die DHOO se Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Hoërondewysinstansies (wat in Junie 2014 gepubliseer is en beginsels uit die King III-verslag insluit).

Gerusstelling

Interne en eksterne voorsieners van gerusstelling verskaf gerusstelling oor die doeltreffendheid van die interne beheermaatreëls by die NWU. Hul insette is by hierdie verslag ingesluit.

Ons het ook seker gemaak dat ons verslagdoening akkuraat is, deur die volgende stappe te doen:

- Na die samestelling van die geïntegreerde verslag het ons dit aan die Universiteitsbestuurskomitee voorgelê. Die komitee het gekyk na die volledigheid en akkuraatheid van die inhoud, en terugvoer verskaf waar nodig, wat dan in die geïntegreerde

verslag geïnkorporeer is. Eers dan het ons die verslag aan die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee en uiteindelik aan die Raad voorgelê vir goedkeuring.

- Die studente- en personeelsdata wat in hierdie verslag vervat is, is verkry van ons Departement Institusionele Beplanning en Strategiese Intelligensie, wat ook verantwoordelik is vir die indiening van NWU-data aan die Hoërondewys-bestuursinligtingstelsel (HEMIS).

PricewaterhouseCoopers het ook die inligting in ons **prestasiëbeoordelingsverslag** onafhanklik geouditeer. Die **finansiële jaarstate**, met inbegrip van die ouditeurs se verslag, is beskikbaar op die NWU se webwerf.

Verdere inligting oor gekombineerde gerusstelling kan gevind word in die korporatiewebbestuursafdeling van hierdie verslag.

Raadsgoedkeuring

Die Raad en sy subkomitees is verantwoordelik vir toesighouding oor die integriteit en volledigheid van hierdie geïntegreerde verslag.

Die Raad bevestig dat die inhoud van die verslag nagegaan is en dat die Raadslede kollektiewelik gewerk het aan die opstel en aanbieding van hierdie verslag.

Verder glo die Raad dat die akkuraatheid en volledigheid van die wesenlike aangeleenthede behoorlik oorweeg is, sowel as die betroubaarheid van die inligting wat in die verslag vervat is.

Die Raad het hierdie aangeleenthede genoegsaam oorweeg en wesenlik aangebied in ooreenstemming met die Geïntegreerde Verslagdoeningsraamwerk van die IIRC.

Die Raad het die 2020 geïntegreerde verslag op 17 Junie 2021 goedgekeur.

DR BISMARK TYOBEKA
VOORSITTER VAN DIE RAAD

MR THABO MOKGATLHA
VOORSITTER VAN DIE OUDIT-,
RISIKO- EN NAKOMINGSKOMITEE

Oorsig van die NWU

Prestasiehoogtepunte

In 2020 het ons voortgegaan om waarde vir die NWU en vir ons belanghebbers te skep. Die volgende prestasies – en in baie gevalle ook verbeterings – was noemenswaardig:

231

postdoktorale genote in *2019
(2018: 215)

1 541,15

artikelekwivalente
goedgekeur in *2019
(2018: 1 438,28)

R2,4 miljard

finansiële hulp
geadministreer deur
die kantore op die
drie kampusse
(2019: R 1,6 miljard)

11 640

ingeskrewe afstandstudente
(2019: 19 024)

15 454

kwalifikasies toegeken in 2020
(2019: 14 961)

251 PhD's
toegeken
in 2020
(2019: 314)

5

NWU-sentrums
van
uitnemendheid
(2019: 5)

7

gehuisveste
navorsings-
entiteite

(sentrums,
platforms,
institute)
(2019: 7)

248 in *2019

NNS-gegradeerde navorsers
(2018: 232)



90,5%

voorgaardse sukseskoers
in 2020
(2019: 83,8%)

Meer as R163 miljoen

bestee aan infrastruktuur
en fasiliteite

(2019: R273 miljoen)

Posisie **922**

uit **20 000**
universiteite wêreldwyd

volgens Center for World
University Rankings
(nasionaal: onder die top sewe)
(2019: posisie 869 uit 8000 universiteite)

* Let asseblief daarop dat daar 'n vertraging van twee jaar in die rapportering van navorsingsyfers is.

Wie ons is

Die Noordwes-Universiteit is een van die 26 openbare hoërondewysinstansies in Suid-Afrika. Ons het drie kampusse: twee in die Noordwesprovinsie en één in Gauteng.

Ons het 'n enkele stel beleide, stelsels en standaarde, en word gedryf deur 'n stel waardes wat op die Grondwet gebaseer is, onder meer etiek in alles wat ons doen.

Ons wil betrokke en sorgsame personeel en studente hê, ten einde 'n geskikte omgewing te verseker waarin ons ons doel kan bereik en ons droom kan verwesenlik.

Ons doel

Om uit te munt in innoverende leer en onderrig en baanbrekersnavorsing, om sodoende die gemeenskap deur kennis te dien.

Ons droom

Om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek

Ons strategie

Om die NWU as 'n unitêre instansie van hoogstaande akademiese uitnemendheid, met 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid, te transformeer en te posisioneer.

Wat ons doen

Ons kernbesigheid is onderrig-leer en navorsing, met gemeenskapsbetrokkenheid en innovasie vervleg met hierdie aktiwiteite.

Uiteindelik gaan ons kernbesigheid egter oor die skep van waarde in die vorm van uitsette en uitkomste, terwyl ons na 'n sorgsaamheidsetiek streef.

Waar ons bedrywig is

Ons funksioneer hoofsaaklik in Suid-Afrika, maar werk ekstensief met instansies en mense van regoor die wêreld saam. In 2020 het die NWU effens meer as 1 950 aktiewe ooreenkomste gehad.

Wat ons uniek maak

Geen akademiese tyd verloor die afgelope paar jaar nie, ten spyte van nasionale studenteonrus en die Covid-19-pandemie

Tweede meeste afstandstudente in Suid-Afrika

Landelike omgewing en veiligheid van ons kampusse (gedurende 2020 is studente toegelaat om na kampusse en koshuise terug te keer ingevolge die regulasies van Vlak 3 tot Vlak 1 van die pandemie.)

Hoe ons die Covid-19-storm trotseer het



Die Covid-19-pandemie het 'n verreikende maatskaplike en ekonomiese impak gehad op hoe instansies hul besigheid bedryf en mense hul lewens leef. Dit het ook 'n enorme transformerende impak op die hoërondewyssektor gehad, wat nuwe innovasies genoodsaak het, en gelei het na 'n omwenteling in hoe universiteite onderrig en studente leer.

Die NWU was geen uitsondering nie. Alhoewel dit nie hieronder as 'n afsonderlike faktor in ons eksterne omgewing bespreek word nie, het die pandemie 'n groot impak gehad.

Soos 'n goue draad wat regdeur hierdie geïntegreerde verslag loop, sal u sien hoe die aanpassing by die nuwe normaal met al ons aktiwiteite verweef was, wat ons waardeskeppingsverhaal beïnvloed het en ons op reis geneem het om te **verken**, **uit te brei** en te **ontwikkel**.

